## WANVOEDING

*Electrolyte Metabolism in Severe Infantile Malnutrition*. Deur J. S. Garrow, M.D., Ph.D., M.R.C.P. (Edin.), R. Smith, M.A., M.D., M.R.C.P. en E. E. Ward, M.D. Pp. xi + 168. £3.7.6. Oxford: Pergamon Press. 1968.

Hierdie netjiese verhandeling spreek van deeglike kennis van die onderwerp. Die verskillende aspekte van proteïen-kalorie wanvoeding word volledig bespreek, en ons huidige kennis van die probleem word kort en bondig saamgevat in hierdie interessante oorsig.

Vir almal wat te doen het, en geïnteresseerd is, in die probleme van wanvoeding by die kind, word die studie van hierdie keurige werkie sterk aanbeveel.

J.C.T.

## HANDBOEK OOR NIERSIEKTES

*A Short Textbook of Kidney Disease*. Deur A. P. Douglas, B.Sc., M.B., M.R.C.P., M.R.C.P. (Edin.) en D. N. S. Kerr, M.Sc., M.B., F.R.C.P., F.R.C.P. (Edin.). Pp. xiv + 295. Geïllustreer. £3.0.0. Londen: Pitman. 1968.

Hierdie klein boekie, in teenstelling met 'n naslaanwerk soos die outeurs dit self bestempel, maak baie interessante leesstof uit, en dit bevat al die nuutste beskouings oor die mees belangrikste niertoestande.

Dit is by uitstek 'n boek vir die student en ek kan dit met die grootste vrymoedigheid aanbeveel.

L.J.

## ASPEKTE VAN GENETIKA

*Selected Topics in Medical Genetics*. 'n Oorsig deur die Nuffield Unit of Medical Genetics, Liverpool University. Red. deur C. A. Clarke, M.A., M.D., Sc.D., F.R.C.P. Pp. 282. Geïllustreer. R6.50. Londen en Kaapstad: Oxford University Press. 1969.

Hierdie goedversorgde monogram is deur klinici, ervare in genetika, geskryf vir klinici wat soms met aspekte van genetika gemoeid raak.

Van besondere en tydige kliniese waarde is die hoofstukke oor farmakogenetika, immunogenetika en die genetika van orgaanoorplanting.

Debateerbare onderwerpe soos die genetiese basis in skisofrenie en kriminologie, asook die chromosoomafwykings by aborsie en leukemie, word saaklik en gebalanseerd bespreek. Genetiese aspekte van diabetes mellitus, porfirie en 'n paar spysverteringskanaal-siektes word bespreek, maar ook strikvalle in genetiese studies word gedek.

Die onderwerp-keuse, klem op kliniese eerder as akademiese aspekte, en die omvang van die veld gedek maak hierdie boekie 'n aanwins op die boekrak van elke praktiserende geneesheer, òf sy praktyk nou ookal algemeen òf gespesialiseerd sou wees. Die nut word verhoog deur 'n moderne verklarende woordelys, en 'n volledige bladwyser.

H.P.W.

## DRUGS IN ANAESTHESIA

*Drugs in Anaesthetic Practice*. 3rd ed. By F. G. Wood-Smith, M.A., M.B. (Cantab), F.F.A.R.C.S., H. C. Stewart, M.A., M.D. (Cantab), Ph.D. (Lond.), F.R.C.P. and M. D. Vickers, M.B., B.S. (Lond.), F.F.A.R.C.S. Pp. xi + 547. R8.40. London and Durban: Butterworths. 1968.

The previous editions of this fine work are already well known to the anaesthetist. This edition has been completely revised and the chapter on general pharmacology has been extensively rearranged and makes for very easy reference indeed.

Also included is a useful 'American Converter' for the conversion of American names of drugs to their British or generic names and vice versa.

This work is of a high order and will prove of invaluable assistance to both the student of anaesthesia and the practising anaesthetist.

B.S.M.

## VOORKOMENDE GENEESKUNDE

*A Synopsis of Public Health and Social Medicine*. 2e uitg. Deur A. J. Essex-Cater, M.R.C.S., L.R.C.P., D.C.H., D.P.H., D.I.H., F.R.A.I. Pp. xii + 738. £3.15.0. Bristol: John Wright & Sons. 1967.

Hierdie boek gee 'n uitstekende opsomming van die verskillende fasette waarvan die spesialis in voorkomende geneeskunde 'n deeglike kennis moet besit. Alhoewel verskeie aspekte soos die wetgewing en regulasies op Engeland en Wallis van toepassing is, is dié boek so deeglik opgestel dat die algemene benadering en beginsels ook in Suid-Afrika van toepassing is. Behalwe die gewone epidemiologie van oordraagbare en nie-oordraagbare siektes, mediese statistieke, omgewingshigiëne, industriële higiëne en siektes, voeding en geestesgesondheidsdienste, is daar ook 'n besondere insiggewende hoofstuk oor welsynsdienste, waarin dakloses, gestremdes soos blindes, dowes en epileptici en bejaardes deeglik bespreek word. Die hoofstukke oor kerngeneeskunde en gesondheidsvoorligting en opvoeding is besonder belangrik.

Die boek word hartlik aanbeveel vir beide voorgraadse en nagraadse studente in voorkomende geneeskunde en verder vir alle tipes van gesondheidspersoneel.

A.S.